



n' Gids vir Grondeienaars oor

## 'N EKOLOGIESE BENADERING TOT DIE HERSTEL OF HERVESTIGING VAN PLANTE IN LANDELIKE GEBIEDE

### DIE ROL WAT HERVESTIGING IN NATUURBEWARING SPEEL

'n Belangrike vraag wat grondbestuurders vra is: "Watter voorkeur behoort ons aan hervestigingswerkzaamhede te gee in vergelyking met ander maatreëls wat natuurbeewaring bevorder?" Daar bestaan algemene eenparigheid daaroor dat dit die belangrikste oorweging in die bestuur van die plantegroei in landelike omgewings die identifikasie, beskerming en bestuur van die bestaande oorblyfsels van natuurlike plantegroei is. Hoewel hierdie oorblyfsels waarskynlik versteuring van verskillende grade ondergaan het, bied die beskerming en herstel van oorblywende plantegroei oor die algemeen groter natuurbeewaringsmoontlikhede as pogings om nuwe habitats met hervestiging te ontwikkel. Daar is byvoorbeeld waarskynlik baie natuurlike elemente teenwoordig in oorblywende plantegroei wat nie sommer maklik gevestig word op nuwe aanplantings nie. Hierdie elemente sluit grondswamme, ongewerwede grondbewoners, inheemse grasse, kruidagtige plante en struie in. Selfs al het dit agteruitgegaan, verskaf oorblyfsels minstens 'n raamwerk vir die natuurlike omgewing om te herstel.

In baie gevalle is die beskerming en herstel van die oorblywende natuurlike plantegroei op sy eie egter nie genoeg nie. Daar is 'n hele paar redes waarom die 'terugsit' in die landskap van bykomende plantegroei ook 'n belangrike rol speel.

- Streeks prosesse wat die volhoubaarheid van die landskap beïnvloed, soos die styging of daling van watertafels, word deur die teenwoordigheid of afwesigheid van plantegroei beïnvloed. Die uitroei van uitheemse plantegroei kan 'n lae watertafel aanhelp, terwyl die hervestiging van inheemse plantegroei 'n hoë watertafel kan aanhelp en sodoende vloede voorkom. Hierdie prosesse kan ook die lewensvatbaarheid van die oorblywende natuurlike plantegroei beïnvloed.



- Die bestaande oorblyfsels mag te klein wees om groot genoeg populasies dierelewe te onderhou en op die lang duur selfonderhoudend te wees. Hervestiging kan aangewend word om individuele oorblyfsels en só die totale hoeveelheid habitat in die landskap, te vergroot.
- Weens druk, soos byvoorbeeld oorbeweiding, is daar nie genoeg van al die plantsoorte in 'n oorblywende plantegroei-stelsel oor nie. Talle plaaslike gebiede beskik ook slegs oor min oorblywende plantegroei. Hervestiging bied die moontlikheid om die verlore elemente te vervang deur die versigtige herstel van sekere soorte plantegroei, of om strategiese gebiede te herstel.

Die blote skaal van die omgewingsprobleme in sommige landelike gebiede vereis dringende en uitgebreide herstel- en hervestigingspogings.



Hervestigingsbedrywighede het ook 'n belangrike gemeenskapsfunksie. Dit bied aan baie mense die geleentheid om op praktiese wyse betrokke te raak by natuurbewaring, om **p o s i t i e w e u i t k o m s t e** o p hul moeite te sien en om meer oor die natuurlike omgewing te leer.

Die rol wat hervestiging in 'n spesifieke gebied speel, sal na gelang van plaaslike omstandighede wissel. In landskappe waar substansiële gebiede oorblywende plantegroei nog bestaan, sal hervestigingsbedrywighede waarskynlik die meeste nut hê op

plekke waar dit gemik is daarop om die bestaande plantegroei te herstel en uit te brei en oorblyfsels met mekaar te verbind. Die regenerasie van plantgemeenskappe, eerder as regstreekse aanplanting, kan hier van besondere belang wees.

In teenstelling hiermee, moet daar in landskappe waar min natuurlike plantegroei oor is meer klem op die grootskaalse vestiging van nuwe stroke plantegroei gelê word. Dit help om die omgewing te stabiliseer en die totale oppervlakte natuurbewaringshabitat te vergroot.

## Hoe kan hervestiging aangewend word om die natuurlike dierelewe te bevoordeel?

Daar is 'n paar maniere waarop hervestigingsbedrywighede bewaringsvoordele vir die dierelewe binne die konteks van 'n 'lanskap-as-geheel'-benadering kan inhou. Regstreekse maatreëls is maatreëls wat die dierelewe bevoordeel deurdat dit habitats voorsien waarin die spesies kan woon of waar hulle hulpbronne soos kos en skuiling kan vind. Nie-regstreekse maatreëls is maatreëls wat nie noodwendig enige onmiddellike voordele inhou nie, maar wat indirek die spesies wat van hierdie habitats gebruik maak bevoordeel deurdat dit die agteruitgang en degradasie van die natuurlike omgewing voorkom. Vervolgens word die regstreekse maatreëls kortliks uiteengesit.

### Regstreekse maatreëls

Hervestiging kan op drie maniere gebruik word om dierspesies regstreeks te bevoordeel. Naamlik:

- deur die aantal geskikte habitats in die landskap te vermeerder deur tot die bestaande plantegroei toe te voeg word of deur nuwe blokke plantegroei te vestig;
- deur die gehalte van bestaande habitats te verhoog deurgeskikte spesies selektief te saai of te plant om die samestelling of struktuur van die plantegroei te verbeter (soos om struik vir ondergroei aan te plant waar daar slegs 'n boomlaag bestaan); en

- deur die aaneenskakeling van bestaande habitats te bevorder deur 'gapings' in bestaande kettings (bv. in die plantegroei langs paaie of strome) selektief te vul om die ketting te voltooi; of deur 'n nuwe habitatkorridor of 'oorgangskolle' habitat tussen andersins afgesonderde gebiede te vestig.

Ons kan dit nie bekostig om te wag tot volledige inligting beskikbaar is nie. Die herstel en hervestiging van plante vir natuurbewaring moet voortgaan op grond van die beste kennis en ervaring wat tans beskikbaar is, maar terselfdertyd moet daar 'n verbintenis wees tot die voortgesette hersiening van tegnieke en werksyfes in die lig van nuwe inligting. Dit is wat die konsep aanpassende bestuur behels. Hierdie benadering is gegrond op 'leer deur te doen', waar die resultate van praktiese ervaring gebruik word om die volgende fase van beplanning en inwerkingstelling te rig. 'n Kritieke komponent van aanpassende bestuur is die monitering van die uitkomst van die huidige praktyk. Daar word tans nie voldoende aandag geskenk aan die onderneming van doeltreffende moniterings- en navorsingsprogramme oor die bewaringsvoordele van plantervestiging nie, en daar is slegs beperkte terugvoer wat toekomstige werksaamhede kan rig en verbeter. Kwantitatiewe monitering en navorsing moet as 'n integrale deel daarvan by bestuurswerksaamhede ingesluit word.

